



• **ONS FONDASIESTENE se vorming**

(Dieselfde as ons persoonlikheid, lewenstyl, verwysingsraamwerk of ons gedragstyl.)



Die vorming van swak plekke en verskillende benaderinge tot genesing.

Die eerste nege maande in utero, kan die moeder en vader alreeds d.m.v. hulle gedagtes en emosies 'n direkte invloed uitoefen op die bevrugte eiersel. Daar word gereken dat die eiersel ses ure na konsepsie alreeds gevoelig is vir beïnvloeding van die ouers.


Die kind se lewensgeskiedenis (waar negatiewe omgewingsfaktore 'n probleem kon veroorsaak) die kind se interaksie met sy medemens en traumatiese ondervindings waardeur hy moes worstel gaan verseker letsels of wortel probleme nalaat in sy geheue basis.

Die sielkundige se taak is om vas te stel -deur te luister na die simptome/vrug- waar die persoon se emosionele probleem se ontstaan is. Hipnose -waarteen ons gekant is- word onder andere ook gebruik. Met die vaststelling van die oorsprong en die identifisering van die wortel of letsel word die kliënt nou geleer om met die probleem saam te leef. Om dit leefbaar te maak kan slaapterapie of medikasie aangewend word. -miskien 'n huweliksprobleem of probleme met die skoonouers-. Selfs redigering is 'n opsie. Sodra die 'druk' verwyder word verdwyn die simptome en dit wil voorkom asof die persoon dan genees is. Maar sodra die 'hulpmiddels' of 'steun middels' of 'onderdrukkers' nie gebruik word nie herry's die simptome en die probleme is baiekeer erger as ooit vantevore.

Permanente genesing word slegs volhou deur die toepassing van God se Riglyne wat by die 6,000 jaar beproef is.
 *Belydenis teenoor 'n regverdige. *Die vergewe van die betrokkenes. *Die respek toring van jou ouers. *Die in werkende krag van die Heilige Gees. *Die toepassing van God se Woord. *Die inneem van vitamine. *Die erkenning van eie swakhede, *Die beheer van jou gedagtes ens. is almal faktore wat in ag geneem moet word as u 'n oorwinnende lewe in besit wil neem.

U ywer bepaal u sukses na 'n oorwinnende lewe

Mat 9:20 En daar het 'n vrou wat twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het, van agter gekom en die soom van sy kleed aangeraak. Want sy het by haarself gesê: As ek maar net sy kleed kan aanraak, sal ek gesond word.



- **DIE BEWUSTE EN ONBEWUSTE DENKE**

Erkenning word gegee aan Pieter van Jaarsveld vir sy skrywe “Die hart van die wenner”

Dis nodig dat ons na ons bewuste en onbewuste kyk om behoorlik te begryp waarom ons potensiaal en prestasie deur ons gekondisioneerde oortuigings weerspieël word. Die onbewuste is dus soos ‘n stukkie vrugbare aarde- wat jy ook al daarin saai, sal groei. As jou onbewuste met negatiewe persepsies geprogrammeer word, sal die resultaat negatiewe en selfkritiese gedrag wees.



Gekondisioneerde oortuigings ‘n Mens se onbewuste word dwarsdeur jou kinderjare negatief gekondisioneer en in ons volwasse lewe is ‘n negatiewe onbewuste een van die redes waarom ons nie presteer of ons volle potensiaal gebruik nie. ‘n Navorsers beweer dat die meeste ouers agtien negatiewe dinge sê vir elke positiewe stelling wat hulle maak. Van onderwysers, het hy gesê dat hulle twaalf negatiewe opmerkings teenoor elke positiewe opmerking maak. Volgens navorsing word ons kinders daagliks aan 432 negatiewe stellings blootgestel.

Ons is geskep na Sy Beeld om as Konings Sy Koninkryk te vergroot maar ons word gekondisioneer om verloorders te word. Kondisionering het ons selfvertroue tot so ‘n mate beïnvloed dat dit die volledige gebruik van ons potensiaal geheel en al beperk het.

Belangrik om te weet

- * Dat die sielsdimensie (waar die verstand deel van vorm) werk interaktief met die liggaam en ook met die gees van die mens.
- * Ons gedagtes, positief en ook negatief beïnvloed die welsyn van die mens.
- * Jou gewoontes, vaardighede en patrone kan te enige tyd ontwikkel, verander en geberg word.
- * Jy kan die amigdala –onbewuste- heroplei en heronderrig met nuwe leer materiaal om beter en meer rasionele beslissings te maak.

- Dat u as Christen ‘n geweldige voorsprong geniet om juis Sy Woord en Sy Liefde en Sy vryspraak en die Heilige Gees in jou lewe te ontplooi sodat u nie net die lewe sal hê van ‘n gewone mens nie maar ‘n lewe van oervloed.



Hier volg nou die sleutel tot jou sukses en ek verwys na Paulus se riglyn na ‘n oorwinnende lewe. Vir laas laat hy ons goed verstaan dat daar ‘n innerlike stryd woed tussen die sielsdimensie, dit is nou jou rasionele denke, en die gees van die mens, God se Gees. Die Een wat jou rig en leer en vir jou net die beste wil hê. Die Gees sal sê “Vergewe vir skoonma” terwyl die denke, -jou verstand- sal sê “nie vandag nie” Dit is gedagtes, wat baie keer aangevuur word deur die duiwel, wat onderdruk/oorkom moet word. Kain word gewaarsku om die ‘sonde’ nie toe te laat nie, om daarvoor te heers. Hy ignoreer God se aanmaning en maak sy eie broer dood. Om in beheer te kom van jou lewe moet u toelaat dat God deur u opereer.

Die Sielkundiges doen baie goed en hulle herontdek slegs dit wat alreeds 4 000 jaar gelede geproklameer was in die Bybel. In Christus het u nou ‘n geleentheid om jou eie lewe te herskryf... weet dit dat Hy wat in jou is vir jou ‘n lewe borg ver bo dit wat u dink en ooit gedroom het. Moses sê “kies jy vandag wat u wil hê, die lewe of die dood, die seën van die Here of die vloek”

Rom 12:2 En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die **vernuwing van julle gemoed**, sodat julle kan beproef wat die goeie en



Hierdie negatiewe gedagtes wat van onverwerkte gebeurtenisse in die verlede gevorm is gaan periodiek na die oppervlakte gebring word, wat op sy beurt weer hormone meer of minder in die bloedstroom laat beland. Die drang om jouself te bewys gaan verseker 'n las op jou liggaam plaas. Siektes volg as die bogenoemde drange nie verwerk word nie. Die medikus balanseer die chemiese wanbalans met medikasie terwyl die sielkundige die 'druk' verminder met onder andere slaaptherapie. Deur God se Woord kan die onverwerkte verwerping, vrees en skuldgevoelens van ontslae geraak word.

Belydenisse is die antwoord en daarmee verander jy jou wêreld en ook jou selfpersepsie. 'Ek is in staat tot alles, deur Jesus Christus wat my die krag gee' en 'Met my God loop ek 'n bende storm' en 'Groter is Hy wat in my is as hy wat in die wêreld is' en Die Here is my Herder ek sal in niks 'n tekort ondervind nie'

Psa 23:1 Die HERE is my herder; niks sal my ontbreek nie. Net Goed-heid en guns sal my volg al die dae van my lewe;

LAG JOU GESOND

Artikel in die Huisgenoot 07/10/04

Dit is tyd om jou sorge weg te lag. Navorsing wys as jy gelukkig is, kan dit jou teen stres beskerm, maar dit het ook gesondheidsvoordele. Die

Satan plants seeds in the form of thoughts. These evil seeds aren't yours just because they come to mind, they become yours when you allow those thoughts to move in and rearrange furniture. A evil thought will rearrange your goals, your dreams, and your ambitions. A thought left to ramble in your mind will attach itself to a incident in your past. Like a tick that attaches itself to the body and then drains strength from it. Thoughts are previews of coming attractions.
T.D. Jakes

kans is 4 persent skraler dat gelukkige mense tandvleissiektes sal kry. Stres en woede verhoog insulienvlakke en kan tot tandvleissiektes ly. As lekker dinge met jou gebeur, skei jou liggaam groot hoeveelhede van die hormoon oksitosien af. Wetenskaplikes glo dit verlaag jou bloeddruk. As jy sorgeloos is, verlaag die vlakke van die chemikalie interleukin-6, wat volgens die kenners verbind word met hartsiektes, diabetes en kanker. Opgewekte ekstroverte is minder vatbaar vir virusse as introverte. Skugter, senuagtige mense produseer groter hoeveelhede van 'n streshormoon wat virusse help om vinniger te vermeerder.

Spr 12:25 Bekommernis in die hart van 'n mens druk dit neer, maar 'n vriendelike woord vrolik dit op.

Soos ons tafels geleer het en deur herhaling dit gememoriseer het so moet ons God se Woord oor en oor herhaal. Die Woord word dan jou fondasie waarmee jy oorwinnend jou lewe gaan orden. Verander jou denke en voorkom negatiewe, vreesagtige gedagtes.



MOET NIE DIE FOUT BY 'N ANDER SOEK NIE

Dit is asof die mens altyd die oorsakende probleem van jou gedragsoptrede by die deur van 'n ander sal gaan soek. Daar is 'n spreekwoord wat sê "Vee eers voor jou eie deur" en dan sê jy die bure aan om voor hulle huis skoon te maak. Die Woord of -die Riglyne na 'n oorvloedige lewe— verklaar dat u eers die balk uit jou oog moet verwyder voordat die fout by 'n ander gesoek moet word. As u die balk verwyder het dan sal u in staat wees om die ander persoon te help met hulle probleem. Die sleutel tot 'n suksesvolle huwelik is juis hierin opgesluit. Twee gebrokenes ontmoet mekaar -'birds of the same feather flock together'- en hulle is onder die indruk dat hul huwelik 'maanskyn en rose' gaan wees. Gou is die ontugtering as hy of sy agterkom dat die ander een nie so 'fraai' is as wat hul gedink het nie. Nou begin die beskuldigings en die verwyte en probeer ons om die ander te verander, maar helaas, hardkoppig word daar voortgestoom met jou eie streke.



Rev 12:11 En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuënis. Rom 8:6 Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede,

• AS JOU BROER TEEN JOU SONDIG ... gaan maak die saak reg

Mat 5:21 Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur. As jy dan jou gawe na die altaar bring en dit jou daar byval dat jou broeder iets teen jou het, laat jou gawe daar voor die altaar bly en gaan versoen jou eers met jou broeder, en kom dan en bring jou gawe. Wees gou goedgesind teenoor jou teëparty so lank as jy nog saam met hom op die pad is, sodat die teëparty jou nie miskien oorgee aan die regter en die regter jou oorgee aan die geregs- dienaar en jy in die gevangenis gewerp word nie. Voorwaar Ek sê vir jou, jy sal daar sekerlik nie uitkom voordat jy die laaste oortjie betaal het nie.

*From all this it is here inferred, that we ought carefully to preserve Christian love and peace with our Brethren, and that if at any time a breach happens, we should labour for a reconciliation, by confessing our fault, humbling ourselves to our brother, begging his pardon, and making restitution, or offering satisfaction for wrong done in word or deed, according as the nature of the thing is; and that we should do this quickly. Because, till this be done, we are utterly unfit for communion with God in holy ordinances. The case supposed is, "That thy brother have somewhat against thee," that thou has injured and offended him, **either really or in his apprehension;** A] If thou are the party offended, there needs not this delay; if thou have aught against thy brother, make short work of it; no more is to be done but to forgive him and forgive the injury; B] But if the quarrel began on thy side, and the fault was either at first or afterwards thine, so that thy brother has a controversy with thee, go and be reconciled to him before thou offer thy gift at the altar, before thou approach solemnly to God in the gospel.*

STAPPE NA VERSOENING

Mat 18:15 En as jou broeder teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen. As hy na jou luister, dan het jy jou broeder gewin; maar as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat in die mond van twee of drie getuies elke woord kan vasstaan. En as hy na hulle nie luister nie, sê dit aan die gemeente; en as hy na die gemeente ook nie luister nie, laat hom vir jou wees soos die heiden en die tollenaar.

AS JY NIE WIL VERSOEN NIE

Mat 18:21 Toe kom Petrus na Hom en sê: Here, hoe dikwels sal my broeder teen my sondig en ek hom vergewe? Tot sewe maal toe? Jesus antwoord hom: Ek sê vir jou, nie tot sewe maal toe nie, maar tot sewentig maal sewe toe. Daarom word die koninkryk van die hemele vergelyk met 'n sekere koning wat met sy diensknegte wou afreken. En toe hy begin afreken, word daar een na hom gebring wat tien duisend talente skuldig was. En omdat hy nie kon betaal nie, gee sy heer bevel dat hy verkoop moet word, en sy vrou en sy kinders en alles wat hy het, en dat betaal moet word. Toe val die dienskneg neer en buig voor hom en sê: Heer, wees lankmoedig met my, en ek sal u alles betaal. En die heer van daardie dienskneg het innig jammer vir hom gevoel en hom losgelaat en hom die skuld kwytgeskeld. Maar toe daardie dienskneg uitgaan en een van sy medediensknegte vind wat hom honderd penninge skuldig was, het hy hom aan die keel gegryp en gesê: Betaal my wat jy skuld. Sy mededienskneg val toe voor sy voete neer en smee hom en sê: Wees lankmoedig met my, en ek sal jou alles betaal. En hy wou nie, maar het gegaan en hom in die gevangenis gewerp totdat hy die skuld sou betaal het. En toe sy medediensknegte sien wat gebeur het, was hulle baie bedroef, en hulle het gegaan en aan hulle heer meegedeel alles wat gebeur het. En sy heer het hom in toorn oorgegee aan die pynigers totdat hy sou betaal het alles wat hy hom Skuldig was. So sal ook my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie.

Psa 26:2 Toets my, HERE, en beproef my, keur my niere en my hart Psa 51:10 Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees. Psa 139:23 Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes; en kyk of daar by my 'n weg is van smart, en